## AFDELING C.

## Hoofstuk VI.

## Teoretiese probleme in verband met Skoolplase.

1. Algemene Bepaling:

Behalwe vir 'n paar skole in Kaapland, vorm die skoolplase 'n deel van die middelbare onderwys in Suid-Afrika. Hoewel by al die skoolplase laerafdelings aangetref word, word veral die middelbare afdelings by hierdie skole beklemtoon en gaan ons vir die nadere omskrywing van die teoretiese probleme, ons slegs by die middelbare afdelings bepaal.

Middelbare onderwys vorm maar net een fase in die hele proses wat reeds by laer onderwys begin en by die universiteit of ander inrigtings vir hoër onderwys eindig. Hierdie onderwys kan ons dan ook in drie opeenvolgende stadia verdeel, naamlik die laer (of primêre) die middelbare- (of sekondêre) en die hoër- (of tertiêre) onderwys.[1] Elk van hierdie stadia pas aan by 'n bepaalde ontwikkeling stadium van die kind, Middelbare onderwys kan ons dan beskou as die oorgangsonderwys van die primêre volksonderwys, na die tertiêre of meer wetenskaplike onderwys. Daarom dra dit dan ook 'n tweeledige karakter, maar ook, omdat dit sowel besonder as algemeen kan wees. Die kind kan na afloop van die primêre onderwys kies tussen 'n voortgesette algemene onderwys of 'n aanvanklike besondere (of beroepskundige) onderwys.[2]

Aangesien die skoolplase van Transvaal tot onlangs, die kinders slegs tot Standerd VIII kon voorberei, was hulle dus nog nie middelbare skole in die volste sin van

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 7.
2. Ibid., 8.
   Monroe : Principles of Secondary Education, 71.

die woord nie. Seodin in Kaapland was egter 'n volwaardige middelbare skool, wat sy leerlinge vir die volle tydperk tot die matrikulasie-eksamen kon hou.

Ons tref dan ook in hierdie geval, soos vir alle middelbare skole, 'n opwaartse en 'n sywaartse ontwikkeling aan: opwaarts na die universiteit, dit wil sê, akademiese vorming en sywaarts na die beroepe. Beroepsonderwys is egter hoofsaaklik in die hande van die Unie-Onderwysdepartement met sy inrigtings soos hoërhandelskole, tegniese hoërskole, ambagskole, huishoudskole, ens.

Die skoolplase in Transvaal het egter veral ingepas in die beleid waarby onderwys tot na voltooing van Standerd VIII, of die bereiking van sestien jaar, verpligtend gemaak is.[1] Asgevolg hiervan moes alle leerlinge in normale gevalle een of ander middelbare skoolkursus volg, ~~en~~ Aangesien die meerderheid nie gemik het op die matrikulasie-eksamen nie, moes vir hulle 'n korter kursus aangebied word. Die oplossing was dan skoolplase vir die platteland, en juniorhoërskole vir die stede waar die kind vir minstens drie jaar (Standerd VI, VII en VIII) gedifferensieerde middelbare onderwys sou kon ontvang. Daar die skoolplase vir die platteland bestem was, sou dit landbou beklemtoon, maar beslis geen beroepskool wees nie.

Die nuwe beleid van die Transvaalse Departement van Onderwys soos vasgestel per Omsendbrief No.58 van 1950 maak voorsiening vir slegs drie tipes skole[2], naamlik:

Groep I - Laerskole.

Groep II - Laerskole met middelbare afdelings.

Groep III - Hoërskole.

---

1. Administrateurskennisgewing No.3 van 1933.
2. Departementele Omsendbrief No.58 van 1950, 2.

Die skoolplaas en juniorhoërskool, die tipe skool dus, wat net onderwys in Standerd VI, VII en VIII verskaf en nie verder kon gaan nie, sal nie langer 'n deel van die Transvaalse skoolstelsel uitmaak nie.[1] Hierdie skole word nou ingedeel as hoërskole of laerskole met middelbare afdelings. Die middelbare onderwys sal dan akademies en prakties van aard wees. In die geval van die skoolplase word landbou veral weer beklemtoon, want ses van die tien sou landbou-opleiding tot Standerd X verskaf, terwyl die kursusse van drie van die ses ook die akademiese rigting insluit. Die kursusse van die orige vier skoolplase sou onveranderd bly.

2. Omvang en Doelstelling:

(a) Omvang:

Aan die skoolplaas word die onderwys toevertrou wat net na laeronderwys volg, dit wil sê van die vyfde standerd tot Standerd VIII, (nou vir ses skoolplase tot matriek) en meer spesifiek op die platteland, waar die juniorhoërskool vir die groter dorpe en stede bedoel was. Die leerling van die skoolplase is dus nie meer 'n kind nie, maar behoort tot die rypende jeug of adolessensie. Die kind het nou al die eerste beginsels van praat, lees, skryf, reken en godsdiens verwerf en is nou eintlik instaat vir verstandelike opvoeding.[2] Die kind bereik hierdie peil min of meer op sy twaalfde lewensjaar en is normaalweg dan in Standerd V. Hoewel die primêre onderwys as 'n afgeronde eenheid beskou kan word, moet dit die grondslag lê vir sekondêre onderwys, en dus ook vir die onderwys op die skoolplaas. Laerskole hoort egter nie op skoolplase tuis nie. Waar dit wel voorkom, moet dit

1. Departementele Omsendbrief No.58 van 1950, 4.
2. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 9.

beskou word as gewone skole met die tradisionele leerplan en metodes van onderwys.

Aangesien die skoolplase eers net 'n kursus tot Standerd VIII aangebied het, moes dit gerig wees op die hele skoolverpligte bevolking en moes die leerplan van 'n algemene aard wees. Ons voel egter dat so 'n kursus onklaar is, en daarom behoort dit aan te gaan met „'n voortgesette algemene of 'n aanvanklike beroepskundige onderwys".[1] Dit is dan belangrik dat die inhoud en die metode, van die onderwys op skoolplase, sal aanpas by die rypende jeug - sy behoeftes en vermoëns. Dit moet egter meer in besonder aanpas by die behoeftes en vermoëns van die plattelandse adolessent.

(b) Doelstelling:

By enige werk wat ons aanpak, is 'n vooropgestelde doel onmisbaar, want dit sal die middele bepaal wat aangewend kan word; daardeur sal ook die moeilikhede onderskei kan word om die doel te bereik. Dit is dan ook noodsaaklik dat die opvoeder 'n doel sal hê, want opvoeding is 'n teleologiese proses, dit wil sê, die middele word grotendeels deur die doel bepaal. 'n Opvoeder sonder 'n duidelike doel is soos 'n skipper sonder 'n kompas. Sy opvoedingskip dryf doelloos op die onsekere oseaan van die lewe en sal uiteindelik skipbreuk ly. 'n Duidelike, vooropgestelde doel gee rigting aan sy aktiwiteite maar dit vereis duidelikheid omtrent die doel van die lewe

Daar word dan met 'n doel opgevoed as daar orde en geordenheid in die opvoedende werksaamheid aanwesig is, as dit aaneensluitend of kontinu, doelbewus en doelgerig is en vooraf bepaal kan word.[2]

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 9-10.
2. Coetzee : Inleiding tot die Algemene teoretiese Opvoedkunde, 267-268.
Keyter : Opvoeding en Onderwys, 105.
Welton : What do we mean by Education, 38.

Die klaarheid omtrent die doel is egter nie genoeg nie. Die opvoeder moet ook 'n eie, persoonlike oortuiging huldig en nie net menings daarop nahou nie. So kan ons nie objektief staan teenoor opvoedingsdoelstellings nie, maar sal verskillende opvoedingswaardes beklemtoon volgens ons eie lewens- en wêreldbeskouing.

Die onderwys op skoolplase moet dus 'n bepaalde doel nastreef, in ooreenstemming met die aard en vermoëns van die rypende jeug wat die skoolplaas besoek. Vir die eerste drie jaar sal dit dan 'n algemene ontwikkeling van die leerling beoog. Ons kan dan in die doel van die opvoeding hier, volgens Coetzee, onderskei tussen die nabysynde, die verwyderde en die uiteindelike doelstellings.[1)] Die nabysynde oogmerk van die onderwys is min of meer onmiddellik bereikbaar. Hieronder kan ons die volgende noem: die verstandelike, die sosiale, die staatkundige, die psigologiese, die fisiologiese en die biologiese vorming en ontwikkleing van die kind.[2)]

As verwyderde doelstelling dien 'n „aanvanklik geformuleerde en wetenskaplik gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing." Hoewel dit nie die plek is vir die onderrig van die filosofie nie, moet dit sy vormende en ontwikkelende deel bydra tot die filosofiese vorming van die kind.[3)] In noue verband hiermee staan die sedelike opvoeding van die kind en sy estetiese vorming en ontwikkeling. Nie alleen moet die kind gelei word tot 'n deugdelike lewe tot eer van God nie, maar deur die onderrig in die letterkunde, geskiedenis, natuurwetenskappe, wiskunde, ens. moet die oë van die kind geopen

---

1. Coetzee : **Inleiding Algemene Teoretiese Opvoedk.,268.**
2. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 10.
3. Ibid., 11-12.

word vir die mooie in die lewe.

As uiteindelike doelstelling van alle opvoeding word gestel die verheerliking van die Naam van God, wat bereik kan word deur nie alleen onderrig in die Christelike religie te gee nie, nie alleen 'n Christelike lewenswandel nie, maar ook deur die Christelike gees en rigting van die hele onderwys.

Koos[1] sien die doeleindes en funksies van die middelbare skool in : (i) algemene en liberale opleiding, (ii) nakoming van lewensbehoeftes, (iii) burgerliksosiale behoeftes, (iv) vorming van moraliteit en karakter, (v) godsdienstige onderrig, (vi) huishoudelike verantwoordelikheid, (vii) beoefening van leierskap, (viii) ontspanning en estetiese belangstelling, (ix) beroepskundige belangstelling, (x) fisiese doeltreffendheid, (xi) demokratiese sekondêre opvoeding met erkenning van indiwiduele verskille, (xii) navorsing en voorligting, (xiii) keuring en voorbereiding vir die hoër onderwys, (xiv) erkenning van adolessensie, (xv) intellektuele ontwikkeling, (xvi) geestelike dissipline, (xvii) oefening van die sintuie, (xviii) diens aan die samelewing.

Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement,[2] was die doel met die leerplan vir skoolplase en juniorhoërskole, om leerlinge wat in hierdie skole hulle kursus van verpligte onderwys volg, daardie onderwys en opvoeding te verskaf, wat die beste voorsiening maak in hulle liggaamlike en geestelike behoeftes en om hulle op sodanige wyse voor te berei, dat hulle hulle redelik goed aan die maatskaplike lewe sal kan aanpas. Dit moet 'n skakel vorm tussen die laerskool en daardie soort

1. Koos : The American Secondary School, 153.
2. Departementele Omsendbrief No.6 van 1944, 2.

beroepe waarvoor gewoonlik die Standerd VIII-onderwyspeil as voldoende beskou word. Die kinders moet nie hulpeloos voor die poort van die lewe staan nie, maar voldoende kennis, aanpassingsvermoë en selfvertroue besit om selfstandig die eerste stappies op die lewenspad te doen.

Die doelstelling word dan verdeel in: (i) 'n sedelike, sodat die karakter van die jong mense so gevorm moet wees dat hulle 'n basis van normale verantwoordelikheid sal besit, (ii) 'n sosiale, sodat die leerling as toekomstige burger 'n gemeenskapsin sal ontwikkel wat tot nut sal strek van die staat en die maatskappy, (iii) 'n kulturele, sodat die leerling volle belangstelling sal hê in die dinge wat gees en liggaam gesond sal hou; en (iv) 'n ekonomiese, sodat die leerlinge in staat en gewillig sal wees om ondergeskikte werksaamhede bevredigend te verrig, hulle bewus sal wees ooreenkomstig hulle aanleg van 'n bepaalde beroepsrigting, sodat hulle geen ekonomiese swerwers sal word nie en dat hulle ambisie moet hê om hulle verder in hulle beroepsrigting te bekwaam.

Met die nuwe onderwysbeleid in Transvaal word die doelstelling van middelbare onderwys soos volg gestel en dan ook nader omskrywe.[1)]

(i) <u>Godsdienstige en morele ontwikkeling</u>.-

Dit sluit in kennis van die Bybel en die daarop berustende geloofwaarhede. Kennis is egter nie genoeg nie want godsdiens is 'n saak van die hart, daarom moet die godsdiensonderwyser 'n atmosfeer van gewydheid skep, met 'n onwankelbare oortuiging en ooreenkomstige lewenswyse en dit nie as 'n leë tradisionele vorm of as 'n soort bykomstige versiering handhaaf nie. Morele op-

---

1. Departementele Omsendbrief No.58 van 1950, 5-7.

voeding word saamgevoeg met die religieuse, omdat, volgens die Christelike opvatting, dit geheel en al daarop berus. Die norme vir die sedelike lewe is deur God bepaal en die mens is daaraan onvoorwaardelike gehoorsaamheid verskuldig. Kennis van die norme word deur die stadige proses van opvoeding en ervaring verwerf. Karakter-ontplooiing sal gepaard gaan met gewetensvorming.

(ii) Sosiale ontwikkeling.-

In ooreenstemming met die verslag van die De Villiers-Kommissie[1] moet die onderwys buite sowel as binne die skool, in elke indiwidu, die kennis, belangstellings, ideale, gewoontes en vermoëns ontwikkel waardeur hy sy plek sal vind en daardie plek sal gebruik, om, homself en die maatskappy te vorm tot steeds edeler doeleindes. Die leerling moet sy plek vind as lid van 'n gesin, as 'n burger van 'n samelewing en van die staat en as 'n wêreldburger - as maatskaplike wese en as 'n werker. Om die sosiale ontwikkeling van die adolessent bevredigend te laat plaasvind, moet gesorg word vir sy drang na persoonlike prestasie. Daar moet gesorg word vir geslagsonderrig omdat die puberteitsperiode gepaard gaan met sterk emosionele gevoelens.

(iii) Intellektuele ontwikkeling.-

Hier word die noodsaaklikheid van differensiasie in die leerplan beklemtoon. Daar moet 'n akademiese en 'n praktiese rigting wees, sodat leerlinge ooreenkomstig hulle intelligensie en aanleg die middelbare skool kan deurloop.

---

1. Vergelyk Verslag van die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, 23.

(iv) Estetiese opvoeding.

Die ontwikkeling van die vermoë tot skoonheidsgenieting en skoonheidskepping moet nie oor die hoof gesien word nie, daarom vorm kunsonderrig en kuns-waardering 'n onmisbare element om die adolessent harmonieus te laat ontwikkel.

(v) Liggaamlike ontwikkeling.

Die middelbare skool moet beskou word as 'n gesondheidsentrum waar die onverdeelbare liggaamlike, verstandelike en geestelike gesondheid as een bedrywigheid bevorder kan word.[1]

(vi) Algemene voorbereiding vir 'n lewensbestaan.

'n Grondige algemene opleiding is noodsaaklik, voordat besondere onderwys aangebied kan word soos byvoorbeeld tik- en snelskrif vir meisies.

3. Die leerplan en die Onderwys op Skoolplase.

By die skoolplase, soos by enige ander opvoedkundige inrigting , sal die inhoud van die onderwys in die eerste plek deur die doel van die onderwys en in die tweede deur die voorwerp daarvan bepaal word.[2] Met 'n omvattende doelstelling sal die opvoedkundige voorsiening maak vir die religieuse, filosofiese, estetiese, etiese, intellektuele, staatkundige, sosiale, psigologiese, fisiologiese en biologiese opvoeding. Ons het hier egter te doen met die rypende jeug en in ooreenstemming met sy kenmerke moet die leerplan aansluit by en uitgaan van die liggaamlike en geestelike behoeftes en vermoëns van die vroeë adolessent. "Die inhoud moet sy uitgebreide en intense belangstellingsrigting bevredig, sy belangstelling in liggaamlike en geestelike ontspanning, in wetenskap en

---

1. Vergelyk De Villiers-verslag, 55.
2. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 16.

lewensbeskouing, in arbeid, gemeenskap en staat, in die sekslewe en in die religie."[1]

Die leerplan sluit alle aktiwiteite en ondervindinge in wat deur die skool aangebied kan word ter bevordering van die verskillende doelstellings.[2] Hierby moet nog die skoolorganisasie en -administrasie gevoeg word, dit wil sê ons sal hierdie beginsels moet aanvul deur die praktiese lewenservaring en die omgewingsinvloede by die skool.

Die ligging van die skoolplaas sal dan 'n besondere invloed moet hê op die inhoud van die leerplan en elke invloed wat op die leerling sal inwerk. Dit sal nie alleen die leerstof tot 'n mate bepaal nie maar ook die metodes, en houdings teenoor die leerstof en die onderwyser. Daar moet egter hier ook steeds rekening gehou word met die funksies en behoeftes van die bepaalde gemeenskap en by die keuse van die inhoud moet hieraan voldoen word.[3] Daar bestaan dus vir die skoolplaas 'n baie wye gebied waaruit hy sy leerstof kan put. As hierdie ryk en omvattende inhoud moet aangebied word, sal die rypende jeug dit nie in die beskikbare tyd tot sy geestelike eiendom kan maak nie en daarom moet daar noodwendig gekies, georden en ingedeel word, sodat 'n uitvoerbare leerplan opgestel kan word.

In die leerplan van skoolplase sal ons dan as 'n minimum-inhoud stel: godsdiensonderrig, die moedertaal, een vreemde taal, geskiedenis, landbou-wetenskap, aardrykskunde en liggaamlike opvoeding met spesiale beklem-

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 17.
2. Du Toit : 'n Histories-kritiese studie van die Transvaalse leerplanne vir Middelbare skole, 31.
3. Draper : Principles and Techniques of Curriculum Making, 61.

toning van landbou-wetenskap.

4. Die leerplan en die Onderwyser:

(a) Die onderwyser is die persoon wat belas is met die aanbieding van die gekose leerstof aan die voorwerp van die onderwys. Dit is daarom noodsaaklik dat hy op hoogte sal wees met die geestesinhoud van die adolessent, want daardeur sal sy optrede teenoor die rypende jeug, sy metodes, dissipline en tug bepaal word. In enige stelsel of skema van onderwys en opvoeding is dit dan ook vanselfsprekend dat die onderwyser die onbetwisbare sentrale plek sal inneem as plaasvervanger van die ouer.[1] Daar is nog niemand in die plek van die onderwyser gevind nie, want by die onderwys is dit gees wat op gees, persoonlikheid wat op persoonlikheid inwerk. In die middelbare skool is die onderwyser by uitstek die belangrikste bron van inspirasie en leiding van die leerling want dan verkeer laasgenoemde in 'n baie vormende tydperk van sy lewe, wanneer hy seker meer as ooit behoefte het aan die leiding van 'n inspirerende onderwyser.[2] Die invloed van 'n goeie onderwyser gaan derhalwe ook ver bokant die onderrig van leerstof uit en vorm die karakter en indiwidualiteit. Met die uitsondering van die huis en sy omgewing, is daar geen invloed wat so kragdadig werk om mense te maak of te mismaak nie as die skool en die onderwyser nie.[3]

(b) Die onderwyser van die skoolplaas moet dan behoorlik toegerus wees vir sy groot taak en daarom behoort hy 'n algemene en gespesialiseerde akademiese

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 34.
2. Ibid., 34.
3. Onderwyskommissie van 1937, 41.

opleiding deur te maak. Hierdie opleiding moet breed wees, sodat hy die eenheid en verskeidenheid van die lewe, die rykdom van die kultuur en die geskiedenis enigsins ken en kan verstaan, sodat hy aan die algemene lewe van die skool behoorlik kan deelneem en leiding gee.[1] Naas die akademiese moet hy ook 'n professionele opleiding deurmaak, waarin hy behoorlik gevorm kan word vir die onderwysprofessie. Hier moet hy so gevorm word dat hy nie net in die skool nie, maar ook in buiteskoolse bedrywighede, leiding kan gee. Met so 'n toerusting sal die onderwyser op die skoolplaas, die weetgierige, rypende jeug kan bevredig, veral as hy hom verder beywer om ook in die meer praktiese aangeleenthede en verskeidenheid bedrywighede belang te stel en daaroor sy kennis uit te brei.

(c) Die skoolplaasonderwyser moet 'n groot verantwoordelikheid dra, want hy is nie net 'n paar uur per dag met sy leerlinge besig nie, maar heeldag aangesien hy ook nog die huisvader in die koshuis en die instrukteur by praktiese landbou of tuinbou is. Sy invloed sal hy dus ver buite die skool uit kan dra, daarom is die eerste vereiste wat ons aan hom stel dat hy „'n man met 'n vaste, goed gesistematiseerde en wetenskaplik gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing"[2] sal wees. Wat die onderwyser is sal hy ook van sy leerling maak of probeer maak. Daarom is dit noodsaaklik dat die skoolplaasonderwyser die Christelik–Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing toegedaan sal wees, want in die geval van die onderwyser, word die praktyk fundamenteel deur sy teorie bepaal.

Dit is ook belangrik dat die onderwyser 'n sterk persoonlikheid sal hê. Eienaardighede in die persoon-

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 35.
2. Ibid, 35.

likheid van die onderwyser word gou raakgesien en dit verminder sy invloed op die leerlinge. Onderwys en dissipline, ja, die hele proses van opvoeding hang ten nouste saam met die persoonlikheid van die opvoeder. Uitbarstings of verwyte het minder trefkrag as 'n goeie voorbeeld of bedaarde leiding van die kalme sterk persoonlikheid. 'n Domineronde houding en dreigemente is meestal vir die leerling van die middelbare skool 'n uitdaging teen sy persoon en gevolglik lei dit eerder tot vyandigheid as tot die oplossing van 'n moeilike situasie. Beslistheid in sy optrede, erns teenoor sy werk en 'n gereeldheid wat geen uitsonderings duld nie, is sterk wapens in die hande van die onderwyser.[1] Daarom moet die opvoeder homself kan handhaaf sonder 'n sweem van grootdoenerigheid, dan verdien hy die agting van sy leerlinge.

(d) By 'n inrigting soos die skoolplaas, waar onderwysers byna altyd in mekaar se geselskap verkeer, is dit noodsaaklik dat die onderwyser bekwaam en gewillig sal wees om saam te werk. Teenoor almal moet hy lojaal wees en waar gehoorsaamheid nodig is, moet hy dit gewillig gee, veral teenoor die hoof. Vir die leerlinge moet hy altyd in alles 'n voorbeeld wees, in gehoorsaamheid, arbeidsaamheid, eerlikheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheer en vriendelikheid.[2] Hy moet met hulle saamlewe, maar nooit een van hulle word nie. Sy optrede teenoor sy leerlinge moet waardig, ewewigtig, selfvertrouend, kalm, minsaam en belangstellend wees. Die rypende jeug

---

1. du Toit : 'n Historie-kritiese studie van die Transvaalse leerplanne van die Middelbare skool, 36.
2. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 36.

is veral geneig tot heldeverering, maar dit kan ook oorhel tot die grootste minagting. Die kind is 'n fyn waarnemer en kan wrywende onderlinge verhoudings tussen onderwysers baie goed aanvoel, daarom behoort dit vermy te word.

Die onderwyser moet met alle ouers omgaan. Omdat hy 'n ontwikkelde geleerde persoon is verwag die gemeenskap van hom leiding op verskillende terreine hetsy verenigingslewe, kerklike lewe of sport. Die skoolplaas vorm in die meeste gevalle die middelpunt van sosiale omgang van die omgewing, omdat hulle beskik oor die nodige fasiliteite en daarom moet die skoolplaasonderwyser waak teen enige vorm van a-sosiale gedrag of optrede.

(e) Aan die skoolhoof stel die skoolplaas geweldige hoë eise omdat hy drie aparte inrigtings t.w. skool, koshuis en plaas moet beheer en organiseer. Die hoof moet dus behalwe die reedsgenoemde eise wat ons aan die onderwyser gestel het, ook bedeel wees met die talente van bekwame leierskap en organisasievermoë. Daarbenewens sal hy ook oor 'n uitgebreide praktiese en teoretiese kennis van, en liefde vir landbou moet beskik om van die plaas 'n sukses te maak.

Die onderwys op die skoolplaas sal vakonderwys wees en omdat dit 'n middelbare skool is, sal dit half-wetenskaplik wees. Die skoolhoof behoort dus ook 'n vakwetenskaplike te wees - hoe meer wetenskappe hy beheer hoe 'n bekwamer hoof kan hy wees. Omdat min mense aan al hierdie vereistes sal kan beantwoord, moet die hoof bygestaan word deur 'n onderhoof.[1)] As die hoof in die fakulteit van

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 37.
Findlay : The foundations of Education, 158.

taal en lettere gegradeer het, moet die onderhoof in die van die natuur-wetenskappe sy graad behaal het, sodat hulle dan onder mekaar die hele skoolplaas, in al sy aspekte goed sal kan beheer. 'n Landbougraad sal in die geval, vir die hoof of onderhoof van baie waarde wees.

5. Die leerplan en die metode:

Die kind wat op die middelbare skool kom, weet reeds heelwat en kan ook al heelwat self doen. Die metode van leerstofaanbieding sal dan ook by die middelbare skool heelwat verskil van die vorm van die laerskool. In albei gevalle word die algemene metodes van analise en sintese, induksie en deduksie gebruik, maar in die middelbare skool moet selfstandige studie al 'n belangrike plek inneem en moet die kinders al tot 'n mate self boeke raadpleeg sodat dit geleidelik die plek van die onderwyser se voordrag sal kan inneem, hoewel die lewende woord van die onderwyser onmisbaar bly. Die middelbare skool behoort die kind te leer om boeke te gebruik, aangesien die mens vir die grootste deel van sy lewe op boeke aangewys is vir sy kennis. Ons moderne metodes gaan uit van die belangrike eis van selfwerksaamheid van die leerlinge. Dit is die onderwyser wat in die middelbare skool hieraan 'n geweldige stoot vorentoe kan gee. Aantekeninge behoort tot 'n minimum beperk te word en moet slegs dien om die leerboek aan te vul, te verbeter of te interpreteer. Die twee belangrikste prosedures op die middelbare skool by die praktiese onderwys, die sogenaamde lesgee, moet wees selfstandige studie en onderlinge bespreking.

Die vroeë adolessent leer nie meer graag dinge van buite nie. Hy wil die dinge verstaan en deurdink, daarom neem die denke 'n fundementele plek in, in alle vakke van onderrig op die middelbare skool. Die kind kry studeerwerk wat hy tuis moet uitvoer nadat die onderwy-

ser hom vooraf gelei het hoe om te studeer. Die ingestudeerde inhoud word dan in die klas bespreek . Dit vorm 'n onderlinge bespreking waaraan onderwyser en leerling deelneem. Hier kom die lewende woord van die onderwyser, die selfstandige gebruik van leerboeke, die selfwerksaamheid van die leerlinge, die geheue en die denke almal tot hul volle reg.[1]

By hierdie prosedures kan ons ook nog voeg waardering ,soos byvoorbeeld in 'n vak soos kuns en proefneming wat die beste toegelig kan word uit die vakwetenskappe, wat proefondervindelik van aard ~~is~~ in 'n toegeruste laboratorium is. Hier kan die leerling nog nie self proefnemings doen nie, maar kan sien hoe noukeurig 'n proefneming uitgevoer word.

(b) Om aan die middelbare skool suksesvolle onderrig te gee, word verder moontlik gemaak deur lesbeplanning, probleemstelling, hersiening, vraag en toetsing, dril en kontrole.

Beplanning van die les vooraf is absoluut noodsaaklik. Doeltreffendheid in die onderwys is onmoontlik sonder 'n vooropgestelde plan vir die uitvoering van elke les. Die onderwyser moet ten minste weet wat hy voornemens is om te doen, waarom hy dit wil doen en hoe hy meen om die beste resultate te behaal.[2] Elke onderwyser moet sy les self beplan en die beste vorm van beplanning is deeglike skriftelike voorbereiding. Die indiwiduele onderwyser leer baie gou watter elemente in sy afsonderlike lesse vir hom persoonlik die meeste baat. Aan die leerlinge moet ook vooraf leiding gegee word vir hulle selfstudie,

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 22.
2. du Toit : 'n Histories-kritiese studie van die Transvaalse leerplanne vir Middelbare Skole, 38.

dit kan geskied deur middel van 'n opvoedkundige werkopgawe, waarin, in genoegsame besonderhede, aangegee word wat en hoe leerlinge moet studeer. Die onderwyser kan die probleem stel en die leerling, aan die hand van die middels wat die onderwyser beskikbaar gestel het, moet die probleem oplos.

Die verwerwing van kennis, kom egter ook nie vanself nie, maar baie intensiewe arbeid is hiervoor nodig. Om die verkrygde kennis behoorlik te beheer, is opvoedkundige hersiening nodig, want ons geestelike ontwikkeling is heeltemal daarvan afhanklik.[1)] Hierdie hersiening kan mondeling en skriftelik geskied, dog die beste vorm is wanneer dit gesamentlik deur die klas onderneem word. Na afloop van elke leereenheid, word daardie en die voorafgaande inhoud eers baie deeglik hersien. Dit is veral hier waar die behoefte aan goeie vrae voorkom. Daar is in hoofsaak twee soorte vrae; die geheue en die dinkvrae - albei is noodsaaklik, maar dinkvrae is die belangrikste. 'n Goeie vraag is saaklik, duidelik en ondubbelsinnig sodat die kind dit dadelik kan begryp. Deur middel van vrae moet die leerling nie net aangespoor word om te dink nie maar om ook deel te neem aan die aktiwiteite in die klas.

Om die kennis van die leerling blywend te maak is dit soms nodig vir drilwerk, maar nie sonder die belangstelling van die kind nie. Hier moet ook gewaak word teen eentonigheid wat die waarde daarvan heeltemal sal verminder. Soos by alle ander tegnieke moet ook in die geval behoorlike beplanning die dril voorafgaan. Omdat

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 25.
Parker : Methods of teaching in High School, 449.

woorde abstrak is en die kinderverstand met konkrete dinge wil werk moet in die middelbare skool ook tyd afgestaan word vir goeie illustrasie. Die illustrasies sal dien om die aandag te trek, belangstelling te prikkel, moeilike dinge vatbaar te maak, die onderrig te verlewendig en die verbeelding te voed.[1] Die waarde hiervan behoort nie onderskat te word nie en sowel konkrete as woordelike illustrasies, dit wil sê die eenvoudige gepaste verhaal of storie moet gebruik word uit die ervaring van die leerlinge. Elke illustrasie moet 'n bepaalde doel dien, naamlik, om die abstrakte op te helder; daarom moet die aanwending daarvan altyd baie goed oordink word.

Daar behoort behoorlike kontrole[2] te wees oor die werk en aktiwiteite van die kind en daarom moet een of ander vorm van toetsing aangewend word. Elke onderwyser wil op 'n min of meer noukeurige, betroubare en geldige manier vasstel hoe die leerlinge aan sy sorg toevertrou, presteer. Deur die toetsing word die leerlinge aangespoor om nougeset te werk en verkry hulle ook 'n insig in hulle eie werk en vordering. Toetsing kan informeel geskied soos vrae in die klas of persoonlike onderhoud met die kind. Die formele middele is egter van meer belang en kan ons die skriftelike eksamens en gestandardiseerde toetse onderskei. By skriftelike eksamens word 'n klein aantal vrae beantwoord wat nie die hele veld kan dek nie en baie moeilik noukeurig en betroubaar nagesien kan word. Daarom word die gestandardiseerde toets aanbeveel as 'n meer betroubare meet_instrument,[3] waarmee die bekwaam-

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 26.
2. Ibid., 27.
   Sandiford : Educational Psychology, 301.
3. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde 309-312.
   Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 13.

heid van die kind eerder as die inhoud van sy gees vasgestel word. Sodoende word dan 'n kwantitatiewebenadering van die leerling se skoolprestasie daargestel waarvolgens hy met ander leerlinge, of met die algemene norm vergelyk kan word.

6. Die leerplan en die leerling wat op Skoolplase aangetref word:

Wanneer die kind op die skoolplaas kom, is hy in tegniese sin geen kind meer nie, want hy betree nou sy jeugleeftyd. Die tydperk is vir die kind 'n oorgangsleeftyd want hy is nou nog kind, nog grootmens. In die middelbare skool moet ons dan 'n grondige studie maak van die sielkunde van die rypende jeug of adolessent. Hierdie tydperk is meer as net seksuele ryping want daar is, behalwe dit, 'n totale grootwording in biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, staatkundige, intellektuele, sedelike, estetiese, filosofiese en religieuse opsig.[1)]

Dit is moeilik om vir die adolessente jare presies grense aan te gee, omdat indiwidue van mekaar verskil en sommige vroeër en andere weer later in hulle lewe die fase van die lewe betree. Ons kan dit egter stel as daardie fase wat by meisies van ongeveer dertien jaar en by seuns van ongeveer veertien jaar begin en vir ongeveer tien tot twaalf jaar lank voortduur, totdat volwassenheid bereik is. Die oorgangstydperk van twaalf jaar kan onderverdeel word in twee tydperke van min of meer ses jaar elk. Die eerste ses jaar kan as die vroeë en die tweede as die later adolessensie beskou word. In die middelbare skool sal ons veral te doen hê met die vroeë

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 14.
Brooks : The Psychology of Adolescence, 435.

adolessent, naamlik, tussen dertien en agtien jaar. Dit is die tydperk van die rypende jeug.

Dit is moeilik om presies te sê wanneer hierdie tydperk intree want die grootwording is totaal en kan nie net aan een bepaalde teken gesien word nie. Daar moet gelet word op sowel die liggaamlike, as die geestelike veranderinge. Die liggaam groei vinniger as gewoonlik en die indiwidu neem vinnig toe in lengte, gewig en inwendige struktuur. Omdat dit uiterlik waarneembaar is, word die veranderinge gou opgemerk. Dit gaan gepaard met die tipiese verandering van die liggaam tot die manlike of vroulike gestalte en die eerste primêr-seksuele tekens naamlik die eerste saadlossing by die seun en eerste maandstonde by die dogter kom voor.[1)]

Belangrike geestelike veranderinge kan ook nou opgemerk word waarvan die toeneming en uitbreiding van belangstelling, ontwikkeling van die gevoelslewe veral seksgevoelens, en toename in die verstandslewe die belangrikste is.

(a) Ons vind nou 'n veranderde belangstelling wat betref die ontspanningslewe wat openbaar word in 'n toenemende deelname aan allerlei vorme van liggaamlike en geestelike ontspanning soos sport, spele, en ook in 'n besondere belangstelling in die wetenskap en tot 'n sekere mate in die filosofie.[2)] Hulle belangstelling in die wetenskap groei uit 'n drang na die verklaring van wêreld en lewe. Hulle wil die oorsprong, doel en samestelling van die skepping probeer verstaan. In die samelewing sien hy die beoefening van een of ander

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 14-15.
   Brooks : The Psychology of Adolescence, 435.
2. Coetzee t a.p., 14.

beroep en gevolglik gaan sy belangstelling ook meer en meer in die rigting van 'n toekomstige beroep.

Die gedrag van die adolessent word tot 'n baie groot mate bepaal deur die sake waarin hy belangstel.[1] Daarom is dit dan ook so noodsaaklik dat 'n studie van sy belangstellingsrigtings gemaak moet word, sodat aan die hand daarvan, 'n uitleg vir sy gedrag en 'n bepaling van die inhoud van die leerplan, gemaak kan word. Die waarde van veelsydige belangstelling kan in die lewe van die kind byna nie oorskat word nie. Deur 'n wye belangstelling word die kind in aanraking gebring met baie aktiwiteite, verskaf aan hom veelsydige ervaring en is heeltemal onmisbaar vir die ontwikkeling van 'n gesonde persoonlikheid.

Die adolessent wat belangstel in 'n saak, sal dit onderneem en dit voer hom tot die ondersoek van dinge. ~~en~~ Uit die ondersoek kan hy dan bepaalde gevolgtrekkings maak, veral as 'n simpatieke onderwyser hieraan 'n bietjie aandag gee. Die kind met 'n uitgebreide belangstelling is minder in gevaar om 'n eensydige persoonlikheid te ontwikkel.[2] Die adolessent sal egter nie belangstelling in 'n saak toon as hy nie daarmee in aanraking gebring word nie. Dit is veral hierin dat die skoolplaas, met sy wyere omvang van belange wat deur die plaas aangebied word, tot sy reg kom. Die skoolplaas skep die geleentheid vir veelsydige kontakte, intellektueel sowel as prakties;[3] sodat elke leerling sy persoonlike aanleg kan ontdek deur sy belangstelling in dinge oor 'n wye gebied te laat gaan.

Die belangstellingsrigting van indiwiduele leerlinge verskil ook volgens ouderdom. Die belange word deur die

---

1. Brooks : The Psychology of Adolescence, 175.
2. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 207.
3. T.O.D. Verslag 1936, 13.

ervaring van die kind gewysig en daarom moet in die leerplan rekening gehou word met die mate van rypheid waarin die adolessent hom reeds bevind, sodat die stof wat aangebied word nie te moeilik is en so die kind se belangstelling afstomp nie.

(b) Op die gebied van die gevoelslewe kom daar ingrypende veranderinge in die lewe van die rypende jeug voor. Die adolessent is op hierdie stadium besonder begaan oor die liggaamlike veranderinge, maar leer tog langsamerhand aan hoe en waarom, die ruwer gevoelens en veral die liggaamlike uitdrukking daarvan, beheer moet en kan word.[1] Daar kom nog heel wat skommelinge in sy gevoelslewe voor omdat die jeugdige nog nie op hierdie gebied volwasse is nie. Die kragtigste van die gevoelens is die seksgevoelens wat tot 'n kleiner of groter mate die geestelike en fisiese lewe van die jongmens beinvloed. Seuns en meisies verskil wat die seksgevoelens betref, maar almal openbaar 'n geweldige belangstelling en alle moontlike bronne word nageslaan om informasie te bekom. Hier het die plaasseun en -dogter met die gesonde plaasomgewing 'n voorsprong omdat hulle met lewende diere te doen kry waar seksuele verskille en paring as bloot natuurlik beskou word en gevolglik nie vir hulle 'n probleem inhou nie. Die skoolplaas leen hom ook baie goed vir ko-edukasie. Die gedurige samesyn van seuns en meisies, soos in die huisgesin, word 'n gemeenskaplike basis van wedersydse samewerking, waardering en agting bestendig.

In die natuurlike samelewing, soos deur die skoolplaas aangebied, met sy vrye ruimtes, vlaktes, berge en

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 15.

bosse wat tot die beskikking van die adolessent is, kan hy gevoelsuiting vind. Die kalm atmosfeer moet kalmerend inwerk op die storm-en-drang gevoelens van die rypende jeug.

(c) Op die gebied van die verstandelike lewe kan ons 'n baie duidelike vordering in die denke van die kind onderskei. As gevolg van sy rypwording, ervaring en toename in wetenskaplike kennis, is die rypende jeug almeer in staat tot noukeurige, wetenskaplike en gesistematiseerde denke. Die adolessent het 'n groter beheer oor logiese begrippe en is nou ookal in staat om sy eie gevolgtrekkings te maak.[1)] Die onderwys kan dan nou ook meer wetenskaplik van inhoud en aard wees, en kan leerlinge toegelaat word om hulle eie logiese gevolgtrekkings te maak van proewe op die plaas, in die laboratorium of andersins. Dit is dan ook die plig van die skoolplaasonderwyser om die rypende jeug tot denke aan te moedig en te help om selfstandig probleme aan te pak en op te los Met hierdie gedagte moet ook wel deeglik rekening gehou word by die samestelling van 'n geskikte leerplan vir die skoolplase.

7. Aanpassing van die leerstof by die leerling en die spesiale omstandighede:

Die inhoud van die leerplan is van die aller grootste belang en daarom moet sorg gedra word dat die leerplan van die skoolplase sal aanpas by die leerling en die omgewing. Om 'n leerplan saam te stel is egter nie 'n maklike taak nie. Die samesteller moet 'n duidelike en spesifiek afgebakende en doelmatig gekonstrueerde leerplan saamstel uit die mees gewilde en essensiële materiaal en dit beteken dat 'n uiters moeilike en

---

1. Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 16.

fundamentele probleem vir die middelbare onderwys opgelos moet word.[1] Hy sal harmonie moet skep tussen die eise van die steeds veranderde gemeenskap en die psigies-fisiese gesteldheid van die rypende jeug. Die kurrikulum sal steeds moet verander om aan te pas by 'n snel-ontwikkelende wêreld. Die samesteller kan hom wel laat lei deur die doel, omvang en funksie van die bepaalde skooltipe, maar selfs dit kan ook vir die verskillende skoolplase tot 'n mate verskil. Dit is vandag nie meer net die taak van die middelbare skool om te voorsien in die behoeftes van 'n veranderde gemeenskap nie, maar dit het alreeds 'n verantwoordelikheid aanvaar vir die daarstelling van 'n basis van onderwys wat die sosiale, morele, fisiese, estetiese en religieuse vorming van die mens moet insluit.[2] Dit sal dus feitlik 'n onbegonne taak wees om 'n leerplan te probeer saamstel wat algemeen geldend is, of wat vir 'n lang tydperk sy waarde sal behou.

Die inhoud van die leerplan kan verdeel word in praktiese of nuttigheidsvakke aan die een kant en kulturele of dissiplinêre vakke aan die ander. Beide bestaan egter in die diepste verband met die menslike behoeftes en daarom is hulle ook versoenbaar. Die leerplan moet daarom ryk van inhoud en omvang wees sodat dit in alle behoeftes kan voorsien. Elke skoolvak word 'n deel van die leerling se fisiese en geestelike lewe, dit is derhalwe nodig dat rekening gehou sal word met indiwiduele verskille en verskil in aanleg. Dit is daarom dan ook van fundamentele belang om te weet dat die belangstel-

---

1. du Toit : 'n Historie-kritiese studie van die Transvaalse leerplanne vir Middelbare Onderwys, 64.
2. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 102.
   Vergelyk. Departementele Omsendbrief No.58 van 1950, 5-9.

lingsrigtings, bekwaamhede en aanleg van seuns en dogters verskillend is en dat hulle sosiale en ekonomiese behoeftes so 'n verskeidenheid vereistes meebring, dat 'n kurrikulum aparte voorsiening vir die twee geslagte moet maak. Die kurrikulum moet dan ook steeds voorsiening maak vir moontlike wysigings sodat dit kan aanpas by 'n steeds veranderde gemeenskap.[1)]

Die onderwys op die skoolplase word nou hoofsaaklik akademies van aard[2)], ooreenkomstig die doel van algemene middelbare onderwys en die jongste beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die skool maak geen voorsiening vir beroepskundige onderwys nie, maar in meeste leerplanne van hierdie soort skool word daar tog voorsiening gemaak vir die onderrig van een of twee beroepskundige vakke saam met die algemene akademiese vakke.[3)] Hierdie vakke word egter meer teoreties as prakties onderrig, dit wil sê, meer akademies as professioneel. Hierdie onderwys kan ons egter in twee deel naamlik standerds VI, VII, en VIII en Standerds IX en X. Die eerste drie jaar is die onderwys nog van 'n algemene aard en aan die end van die drie jaar kan die leerling met sy akademiese studie voortgaan of na 'n suiwer beroepskool gaan, indien hy nie van plan is om die skool te verlaat nie.

Aangesien daar belangrike onderlinge verskille tussen kinders op die skoolplaas is, word hulle nie verplig om al die vakke te neem nie, maar kan binne perke, 'n eie keuse maak. Uit die lang lys vakke behoort egter 'n kern te wees waarby almal hulle behoort

---

1. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 102.
   Draper : Principles and Techniques of Curriculum Making, 35-50.
2. Departementele Omsendbrief No.58 van 1950, 5.
3. Coetzee : t.a.p. 103-110.

te bepaal, naamlik, die moedertaal, die tweede taal, godsdiensonderwys, geskiedenis, landbou of algemene wetenskap, matesis of 'n derde taal, sodat dit 'n minimum toerusting kan vorm vir die wat die skool verlaat, terwyl die leerlinge wat verder studeer ook nie moeite sal hê om 'n vakkeuse te maak nie. Hierby kan dan ook praktiese vakke soos praktiese landbou, handwerk, huishoudkunde en boekhou gevoeg word, sodat 'n gesonde ewewig tussen die teoretiese en die praktiese op die skoolplaas bewaar kan bly. Dit sal terselfdertyd aan die kind, wat meer prakties aangelê is, moontlikhede bied om homself te laat geld. „The secondary school is not for the purpose of teaching subject-matter as such, but for the purpose of educating pupils to adjust themselves to their social and physical environment through a study of the various subject-matter fields."[1)]

Die probleem van leerplansamestelling vir die skoolplaas word dus bemoeilik omdat dit sig moet besig hou met indiwiduele aanleg en belangstelling, maar ook die eise van die gemeenskap. Nadat die indiwiduele verskille, bekwaamhede, talente, vermoëns en belangstellings blootgelê is moet daarop voortgebou word met die oog op voorbereiding vir 'n beroep.

8. Samevatting van Beginsels vir leerplansamestelling:

Dit is dan nodig dat die leerplan vir skoolplase so saamgestel word dat dit sal beantwoord aan die eise wat ons stel vir die bepaalde inrigting. Die kennis van die persoonlikheidseienskappe van die adolessent behoort ons hierin te help om die leerplan op 'n algemeen-geldende grondslag saam te stel.

---

1. Draper : Principles and Techniques of Curriculum Making, 35.

(a) Die belangrikste eis is dat die leerstof vir skoolplase gekies sal word in ooreenstemming met die Christelike en meer bepaald die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Die keuse van die leerstof word dan bepaal deur ons belydenis dat die vernaamste doel van die menslike lewe is om God te ken en Hom te dien.[1] Hiervolgens is daar dan vir die Cristelike opvoeding tweërlei soort stof, naamlik die religieuse en die sekulêre vakke van onderwys. Om God te ken en te dien moet ons ook Sy Skepping, die lewende en die lewenlose, mense en dinge leer ken. Hierdie Christelike lewens- en wêreldbeskouing beteken ook vir ons 'n nasionale lewens- en wêreldbeskouing soos dit gebore is uit die worstelstryd van Geus en Hugenoot en voortgeplant is op ons eie bodem.[2] Om aan hierdie eis te voldoen, sal dus in die leerplan ereplekke aan godsdiensonderwys, die moedertaal en vaderlandse geskiedenis gegee moet word.

(b) 'n Tweede belangrike eis is dat die leerstof gekies moet word in ooreenstemming met die opvoedingsdoel. Soos onder doelstelling reeds aangetoon, behoort die stof so gekies te word dat dit die nabysynde, verwyderde en uiteindelike doelstellinge sal verwesenlik. Dit is onder andere dan 'n leerstofkeuse wat die kind in staat sal stel om aan te pas aan sy natuurlike en menslike omgewings - wat die kind liggaamlik, sielkundig en verstandelik sal vorm.[3] Dit moet die kind bring tot kennis van die goeie en moet sy persoonlikheid vorm en ontwikkel en hom bring

---

1. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 319.
2. Keyter : Dringende vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, 50.
3. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 320.
   Keyter : Dringende vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, 36.

tot die Christelike Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Dit moet die mens van God volkome toerus vir alle goeie werk.

(c) Die kind en die eise wat hy aan die leerplan stel moet nie buite rekening gelaat word nie, daarom moet ons ook 'n psigologiese eis aan die leerplan stel. Die stof wat aangebied word, moet pas by die stadium van ontwikkeling van die kind en moet wissel volgens die onderlinge aanlegsverskille. Daar is sekere vakke wat pas by 'n besondere leeftyd, daarom kan vakke soos wiskunde eers ingevoer word as die kind al 'n sekere mate van verstandelike rypheid bereik het. Omdat daar aanlegsverskille is, kan daar nie 'n uniforme leerplan vir die skoolplase voorgeskryf word nie. Behalwe aanlegsverskille is daar ook verskil in belangstellingsaanleg, emosionele rypheid en wilskrag en in persoonlikheidstrekke.[1)] Daarom moet die leerplan so ver moontlik voorsiening maak vir die essensiële, indiwiduele verskille. 'n Sekere deel van die leerplan soos byvoorbeeld godsdiensonderwys, die moedertaal en die tweede taal en geskiedenis behoort verpligtend te wees vir almal, maar daar behoort verder aan die kind 'n keuse gelaat te word en moet ons 'n mate van differensiasie op die skoolplase aanbeveel.

(d) Die leerplan behoort ook aan 'n sosiologiese eis onderwerp te word, want die opvoeding geskied ook vir die samelewing en elke gemeenskap mag verskillende eise stel. In die skool berei ons die kind voor vir daardie grotere menslike samelewing.[2)] Dit is egter nie net die

---

1. Coetzee : **Inleiding Algemene Teoretiese Opvoedk., 331.**
   Draper : Principles and techniques of Curriculum Making, 61-63.
2. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 322.
   Draper, Principles and Techniques of Curriculum Making, 45-46.

onmiddellike samelewing of gemeenskap wat eise stel nie, maar die hele volk. Die leerplan moet dus die kind voorberei vir die lewe en hoewel op die skoolplaas nie alles gegee kan word vir hierdie voorbereiding nie, moet dit tenminste die stimulus verskaf wat die kind sy ganse lewe sal bybly, wat hom 'n waardige burger en kultuurdraer van sy land sal maak.[1] Die skool moet voorberei vir die vyftig jaar van volwassenheid en nie vir die eerste twintig lewensjare nie.[2]

---

1. Bobbitt : How to make a Curriculum, 100.
2. Ibid., 8.